BELEGGINGSOORSIG

# ANDER BELEGGINGS

**BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE**

| | **2010 R miljoen** | 2009 R miljoen |
|---|---|---|
| Business Partners | **12** | 28 |
| Xiocom* | **(79)** | (108) |
| Ander | **3** | – |
| | **(64)** | (80) |

** Verkoop gedurende Maart 2010*

## BUSINESS PARTNERS BEPERK – effektiewe belang: 21.5%

| EKWITEITSWAARDASIE OP 31 MAART 2010: R982 MILJOEN |
|---|
| ONGENOTEER |
| HOOFUITVOERENDE BEAMPTE: N MARTIN |
| **PROFIEL**<br>Business Partners is 'n spesialis beleggingsmaatskappy wat doelgemaakte en geïntegreerde beleggings, mentorskap en eiendomsbestuursdienste aan klein en medium ondernemings in Suid-Afrika beskikbaar stel. |
| **REMGRO GENOMINEERDE DIREKTEURE**<br>J W Dreyer, J P Rupert, T van Wyk |
| WEBWERF: www.businesspartners.co.za |

Business Partners Beperk ("Business Partners") is 'n gespesialiseerde beleggingsgroep wat risiko-finansiering, mentorskap en eiendomsbestuursdienste aan klein- en mediumgrootte ondernemings in Suid-Afrika bied.

Wesensverdienste vir die twaalf maande geëindig 31 Maart 2010 het met 40% tot R56 miljoen (2009: R94 miljoen) afgeneem teenoor die vorige jaar. Wesensverdienste toeskryfbaar aan Remgro vir die tydperk was R12 miljoen (2009: R28 miljoen).

Die onlangse ekonomiese resessie se negatiewe impak op klein besighede het voortgeduur, met die gevolg dat hoë slegte skulde en waardedalings Business Partners se wesensverdienste negatief beïnvloed het. Die bedryfsinkomste is verder beïnvloed deur 'n afname in rentekoerse, met 'n gevolglike verlaging in rente-inkomste vanaf die beleggingsportefeulje.

Beleggings ten bedrae van R678 miljoen (2009: R873 miljoen) is gedurende die jaar uitbetaal, 'n afname van 22% in beleggingsaktiwiteite.

## ANDER BELEGGINGS

### FRAXION (EDMS) BEPERK – effektiewe belang: 35.1%

| | |
|---|---|
| | **PROFIEL**<br>Fraxion ontwikkel en verkoop gevorderde bestedingsbestuur-programmatuur wat maatskappye in staat stel om bestedingsgedrag intyds te beheer, te bestuur en te ontleed. |
| | **WEBWERF: www.fraxion.co.za** |

### FRINGLAND LIMITED – effektiewe belang: 3.7%

| | |
|---|---|
| | **PROFIEL**<br>fring, 'n mobiele kommunikasiemaatskappy wat in Israel gesetel is, ontwikkel en bemark 'n mobiele internetdiens wat sy gebruikers in staat stel om met ander fring-gebruikers te gesels. |
| | **WEBWERF: www.fring.com** |

### FYNBOS (EDMS) BEPERK – effektiewe belang: 20.0%

| | |
|---|---|
| | **PROFIEL**<br>Fynbos is 'n vroeëfase-, swartbeheerde beleggings-houermaatskappy wat ekwiteitsbeleggings maak met die oog op langtermynkapitaalgroei. |
| | **WEBWERF: www.fynbosmedia.co.za** |

### MILESTONE CAPITAL I EN II – effektiewe belang: 10.5% en 8.1%

| | |
|---|---|
| | **PROFIEL**<br>Milestone Capital, gesetel in China, is 'n China-gefokusde privaatekwiteits-beleggingsfirma. |
| | **WEBWERF: www.mcmchina.com** |

### VERITAS – effektiewe belang: 3.7%

| | |
|---|---|
| | **PROFIEL**<br>Veritas is Israel se oudste waagkapitaalfonds en belê hoofsaaklik in tegnologie-maatskappye in 'n vroeë ontwikkelingstadium. |
| | **WEBWERF: www.veritasvc.com** |